# REMBRANDT GROEP BEPERK

(Reg. No. 05/31037/06)

COETZIERSTRAAT, STELLENBOSCH 7600 · POSBUS 456, KAAPSTAD 8000
TELEFOON (021) 883 2333 · TELETEKS (9) 555421 = RGS · TELEFAKS (021) 887 1645


REGISTRATEUR VAN MAATSKAPPYE
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X429
29 JUN 1994
PRETORIA 0001
REGISTRAR OF COMPANIES

22 Julie 1994

Die Assistent-Registrateur van Maatskappye
Posbus 429
**PRETORIA**
0001

**VIR AANDAG: MNR SMIT**
**U VERWYSING: M11/12/7/1**

Geagte mnr Smit

**VRYSTELLING VAN DIE INDIENING VAN FINANSIëLE STATE TEN OPSIGTE VAN PRIVAATFILIALE: VORM CM52**

1. **Tegniese en Industriële Beleggings Beperk**
2. **Tegniese Beleggingskorporasie Beperk**
3. **Rembrandt Beherende Beleggings Beperk**
4. **Rembrandt Groep Beperk**

---

Baie dankie vir u brief van 7 Junie 1994.

Soos aan u verduidelik tydens ons telefoongesprek op Woensdag, 20 Julie 1994 hou die CM52 aansoek verband met die vier beheermaatskappye soos in die opskrif vermeld.

Die vernaamste omstandighede onderliggend aan die CM52 aansoeke bly steeds onveranderd soos deur die jare in korrespondensie aan u verduidelik.

Ons lig graag enkele van hierdie omstandighede verder toe.

Die hoofspelers in die Suid-Afrikaanse sigaretbedryf is die Rembrandt Groep en United Tobacco Company. Van die filiale wat in die lys van privaatmaatskappye verskyn, vorm deel van die Groep se belange in daardie bedryf. Die bedryf is hoogs mededingend en inligting oor volumes, finansiële statistiek en resultate word in uiterste vertroulikheid gehanteer. Publiekmaking hiervan kan nie tot die voordeel van aandeelhouers strek nie.

'n Tweede kategorie privaatfiliale wat in die lys verskyn is eiendomsfiliale waar weinig finansiële beweging plaasvind.

Derdens bevat die lys sekere dormante privaatfiliale waar geen aktiwiteite plaasvind nie.

Vierdens bevat die lys sekere privaatfiliale wat die name van bekende sigaret-handelsmerk-produkte vir beskermingsdoeleindes dra, maar waar die sigarethandelsmerke self in sekere gevalle aan ander groepsmaatskappye behoort. Die prestasie van die handelsmerkproduk kan dus verkeerdelik gekoppel word aan die geringe prestasie of onaktiwiteit van die privaatfiliaal en kan dus misleidend wees.

Vyfdens bevat die lys privaatfiliale waarvan die aktiwiteite soms eenmalig of spekulatief fluktuerend van aard is na aanleiding van die intensiteit van die aktiwiteite van die betrokke maatskappy. Sou die finansiële resultate van so 'n maatskappy losstaande beoordeel word, is dit nie 'n getroue weergawe van die omvattende aktiwiteite en resultate van die Groep nie. Sodoende kan 'n verkeerde indruk in die buitewêreld geskep word, veral in lig van die feit dat privaatmaatskappye nie 'n direkteursverslag aanheg wat andersins nodig sou wees vir regverdige openbaarmaking nie.

Daar moet beklemtoon word dat die finansiële resultate van die betrokke privaatfiliale volledig verantwoord word in die gekonsolideerde finansiële state van die vier beheermaatskappye. Dit is dus nie 'n geval dat die finansiële resultate van 'n bepaalde privaatfiliaal weggesteek word nie.

Ons wil daarna verwys dat privaatmaatskappye wat nie volfiliale is nie, nie onderwerp word aan dieselfde publiekmaking van hulle finansiële resultate nie. Die privaat volfiliale waarvoor hier aansoek gedoen word, is net so privaat soos laasgenoemde. Die Groep se maatskappye is vir bestuursdoeleindes so ingedeel en is nie losstaande eenhede nie, nieteenstaande die feit dat gedetailleerde jaarstate die belastingopgawe vergesel. Min van die maatskappye het enige wesentlike krediteure wat in elk geval deur die beheermaatskappy gewaarborg word. Laastens behalwe vir die tydrowende aspek hieraan verbonde kan die indiening van sodanige state en die bergingsruimte wat dit inneem, as nie koste-doeltreffend beskou word.

Soos versoek, stuur ons hiermee aan u vier aparte CM52 aansoeke vir die vier beheer-maatskappye in die opskrif genoem en versoek vriendelik dat u ons aansoeke gunstig sal heroorweeg.

Die uwe

J C ENGELBRECHT
SEKRETARIS

REGISTRATEUR VAN MAATSKAPPYE
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X429
29 JUN 1994
PRETORIA 0001
REGISTRAR OF COMPANIES